# CAPFIN, 'N DIVISIE VAN PEPKOR TRADING (EDMS) BPK
# BEPALINGS EN VOORWAARDES (NCRCP13053)

Hierdie is die bepalings en voorwaardes van die leningsooreenkoms vir Capfin, 'n divisie van Pepkor Trading (Edms) Bpk ("Capfin"). Hierdie bepalings en voorwaardes vorm deel van en moet saamgelees word met die voorafooreenkomsverklaring en kwotasie, en leningsooreenkoms.

**1. INLEIDING**

1.1 Capfin is 'n geregistreerde kredietverskaffer by die Nasionale Kredietreguleerder ("NKR") (NCRCP13053).

1.2 Die ooreenkoms is gesluit sodra u die voorafooreenkomsverklaring en kwotasie aanvaar en Capfin u lening betaal. Die toestaan van die lening is geheel en al volgens die diskresie van Capfin.

1.3 Enige wysiging wat aan die ooreenkoms gemaak word, sal slegs wetlik bindend wees nadat Capfin u skriftelik van sodanige wysiging in kennis gestel het.

**2. VOORAFOOREENKOMSVERKLARING EN KWOTASIE**

2.1 Die voorafooreenkomsverklaring en kwotasie wat deur u aanvaar word, sit die inligting uiteen wat spesifiek vir u lening geld.

**3. RENTEKOERS EN HEFFINGS**

3.1 Die rentekoers is vasgestel vir die duur van die ooreenkoms en word bereken volgens die daaglikse saldo en maandeliks op die laaste dag van die maand gekapitaliseer (by die verskuldigde leningsaldo gevoeg).

3.2 Ingeval 'n agterstallige bedrag op u rekening weens niebetaling of laat betaling voorkom, sal die rentekoers wat vir sodanige agterstallige bedrag geld nie die maksimum rentekoers oorskry wat ingevolge die Nasionale Kredietwet Nr. 34 van 2005 (die "NKW") vir u ooreenkoms geld nie.

3.3 Sou Capfin die rentekoers, die bedrag van fooie of heffings wat vir u rekening geld, of die frekwensie of tyd van betaling van 'n kredietfooi of -heffing soos die NKW daarvoor voorsiening maak, verander, sal Capfin u skriftelik van die voorgestelde verandering(e) in kennis stel minstens 5 werksdae voordat sodanige verandering in werking gestel word.

3.4 Capfin is geregtig (met of sonder kennisgewing aan u) om afstand te doen van sy aanspraak op 'n gedeelte van enige aanvangsfooie wat in verband met nuwe lenings verskuldig en betaalbaar is wanneer dit nuwe lenings aan sekere kategorieë kliënte toestaan (sodanige kategorieë sal volgens eie en absolute diskresie deur Capfin bepaal word en kan bestaande kliënte insluit). Enige sodanige afstanddoening deur Capfin van sy regte om volle aanvangsfooie te hef sal nie die aard van hierdie kredietooreenkoms verander of wysig nie.

3.5 Rente sal gehef word vanaf die datum waarop Capfin die geld aan u betaal.

**4. TERUGBETALINGSBEPALINGS VIR DEBIETORDERS**

4.1 Sodra die leningsbedrag by u bankrekening inbetaal is, is u verantwoordelik vir die terugbetaling van die totale bedrag soos dit in die ooreenkoms gestipuleer word (synde die leningsbedrag tesame met rente en alle ander heffings soos administratiewe kostes). Deur die lening te aanvaar, verleen u ingevolge die ooreenkoms aan ons 'n debietordermandaat in verband met enige betaalbare bedrag, en stem u tot die volgende in:

4.1.1 Capfin mag 'n debietorder op u rekening instel om u paaiemente op die betaaldatum af te trek of op sodanige ander datum waarop u werkgewer u salaris deponeer;

4.1.2 Waar enige van hierdie paaiemente op 'n naweek, Maandag of openbare vakansiedag verskuldig is, mag Capfin die debietorder op die vorige werksdag aktiveer;

4.1.3 Betaalinstruksies verskuldig in Desember mag vanaf die Vrydag voor die 14de Desember op u rekening gedebiteer word;

4.1.4 Die verwysing op u bankstaat vir alle Capfin-debietorders sal "Capfin" wees;

4.1.5 As daar onvoldoende fondse beskikbaar is om u paaiement af te trek, sal Capfin geregtig wees om u rekening na te spoor en die betaalinstruksie te aktiveer sodra voldoende fondse in u rekening beskikbaar is;

4.1.6 Alle maandelikse paaiemente en enige betalingsreëlings sal van u bankrekening afgetrek word soos in u leningsooreenkoms aangedui word, of soos dit op u versoek en met goedkeuring en bekragtiging daarvan deur Capfin op Capfin se stelsel bygewerk word;

4.1.7 Sou u rekening agterstallig raak, sal Capfin geregtig wees om 'n bykomende bedrag van tot anderhalf maal die ooreengekome paaiementbedrag af te trek. Hierdie bedrag is bykomend tot die maandelikse paaiementbedrag.

4.2 Dit word van u verwag om die volle kontraktuele bedrag in maandelikse paaiemente via debietorder terug te betaal vir die tydperk en op die sperdatum wat in die ooreenkoms gespesifiseer word. As daar 'n probleem met die debietorder is, is die onus op u om voor die betaaldatum alternatiewe betaalreëlings te tref om te voorkom dat boeterente of regskoste op die rekening toegepas word.

**5. CAPFIN SE REG OM DIE OOREENKOMS TE BEËINDIG**

As u nalaat om enige betaling betyds te maak, stem u in dat Capfin onmiddellik die hele bedrag by u kan eis wat u ingevolge die ooreenkoms verskuldig is (waaronder onder meer leningsbedrae, rente op agterstallige bedrae en enige ander gelde wat teen die uitstaande leningsbedrag verskuldig is). Onder hierdie omstandighede kan Capfin die ooreenkoms afdwing deur die volgende stappe te doen:

5.1 Capfin mag u skriftelik of per SMS in kennis stel dat u agterstallig is en voorstel dat u die ooreenkoms verwys na 'n skuldberader, 'n agent wat alternatiewe dispuutoplossings hanteer, 'n verbruikershof of ombud met jurisdiksie om enige dispuut ingevolge die ooreenkoms op te los of sodat u kan instem oor 'n plan om die betalings op datum te bring.

5.2 As u vir minstens 20 werksdae agterstallig is en minstens 10 werksdae verloop het sedert Capfin vir u kennis gegee het soos dit in 5.1 uiteengesit word en u nie op die kennisgewing gereageer het nie, of gereageer het deur Capfin se voorstelle te verwerp, mag Capfin 'n hof nader vir 'n bevel om die ooreenkoms af te dwing.

5.3 U kan enige tyd voordat Capfin die ooreenkoms kanselleer u wanbetaling herstel deur alle agterstallige bedrae aan Capfin te betaal, tesame met Capfin se toegelate heffings op wanbetaling en redelike kostes vir die afdwinging van die ooreenkoms tot die tydstip waarop u u wanbetaling herstel het.

**6. STATE**

6.1 U stem in om elke 3 maande via SMS 'n bygewerkte staat van die rekening met 'n skakel na u staat te ontvang.

**7. VROEË VEREFFENING**

7.1 U is geregtig om hierdie ooreenkoms enige tyd te beëindig deur die uitstaande leningsaldo vroegtydig met of sonder voorafkennisgewing aan Capfin te vereffen. Die bedrag wat vereis word om die leningsrekening te vereffen is die som van die onbetaalde saldo van die hoofskuld en die onbetaalde renteheffings en ander fooie en heffings wat tot die vereffeningsdatum betaalbaar is.

7.2 As u die leningsbedrag voortydig vereffen, sal u slegs 'n pro rata-deel van die rente betaal vir die tydperk waarin u die geld gehad het.

7.3 Al het u 'n vereffeningswaarde by Capfin ontvang, bly u verantwoordelik om seker te maak alle bedrae wat deur u aan Capfin verskuldig is (waaronder onder meer renteheffings en administratiewe kostes) is ten volle vereffen.

**8. WANBETALING OP LENINGSOOREENKOMS**

8.1 As u hierdie ooreenkoms nie streng nakom nie, enige daad van insolvensie pleeg, gesekwestreer word, enige vals verklarings of voorleggings maak, nalaat om enige inligting bekend te maak wat tersaaklik is vir die leningsaansoek of enigiets doen wat die regte van Capfin in gedrang bring, mag Capfin, sonder benadeling van enige ander reg waarop Capfin geregtig is, die volle uitstaande bedrag eis waaronder onder meer die leningsbedrag, agterstallige rente en enige ander gelde wat teen die uitstaande leningsbedrag verskuldig is. Onder hierdie omstandighede sal die prosedurele stappe geld soos dit in klousule 5 hierbo uiteengesit word.

**9. CAPFIN-KREDIETLEWENSVERSEKERING**

9.1 Capfin mag as voorwaarde vir die lening, volgens sy uitsluitlike en absolute diskresie, van u vereis om gedurende die termyn van die lening kredietlewensversekering in stand te hou. In sodanige geval het u die reg om enige polis te weier wat deur Capfin voorgestel word en dit met 'n polis van u keuse te vervang op voorwaarde dat, as dit deur Capfin vereis word, u aan Capfin bewys dat Capfin tot hul bevrediging as 'n verliesbegunstigde op u polis aangedui word.

9.2 As u Capfin-kredietlewensversekering het, stem u in om gebonde te wees aan die bepalings en voorwaardes van die polis wat op Capfin se webwerf beskikbaar is. Bevestiging van die polis sal ná sluiting van die polisooreenkoms via SMS verskaf word met 'n skakel na die polis.

9.3 U stem in dat, ingeval u nalaat om die maandelikse premie van die Capfin-kredietlewensversekeringspolis op of voor die sperdatum daarvan te betaal, Capfin volgens sy uitsluitlike diskresie geregtig sal wees om u leningsrekening te debiteer en die premie aan die versekeraar te betaal.

**10. JURISDIKSIE**

10.1 Ingevolge artikel 45 van die Wet op Landdroshowe, Wet 32 van 1944, stem u hiermee in dat Capfin enige regstappe wat met hierdie ooreenkoms of u rekening verband hou in die landdroshof mag instel. U stem in dat ons stappe in enige landdroshof mag instel wat ingevolge artikel 28 van die Wet op Landdroshowe jurisdiksie oor u het. As ons om enige rede in verband met hierdie ooreenkoms hof toe moet gaan, sal u in die landdroshof moet verskyn. Ons kan egter besluit om stappe teen u te doen in enige hof wat jurisdiksie het.

**11. KOSTES VIR ADMINISTRERING VAN WANBETALING EN INVORDERING**

11.1 As u agterstallig is met u maandelikse paaiemente en Capfin doen stappe om die ooreenkoms af te dwing, sal u aanspreeklik wees vir alle heffings op die administrering van wanbetaling en kostes van invordering wat deur Capfin of sy aangestelde invorderingsagent aangegaan is, waaronder invorderingskommissies, kostes van 'n prokureur en sodanige ander redelike uitgawes wat deur Capfin of sy aangestelde invorderingsagent aangegaan is in die afdwinging van hierdie ooreenkoms (soos telefoonoproepe en briewe aan u), onderhewig aan die bepalings van die NKW.

**12. ADRESSE**

12.1 U kies die adres wat in u leningsooreenkoms staan as die adres waar u ontvangs van regsdokumente en -kennisgewings sal aanvaar.

12.2 As u adres verander, is u verantwoordelik om Capfin so gou moontlik van die nuwe adres in kennis te stel, hetsy skriftelik of telefonies.

Capfin se gekose adres en kontakbesonderhede vir alle doeleindes ingevolge hierdie ooreenkoms is die volgende: Posadres: Posbus 6507, Parow-Oos, 7501; Straatadres: Industriestraat 1, Kuilsrivier, 7580; Telefoonnommer: 087 354 0000 of SMS "HELP" na 43679.

**13. SERTIFIKAAT**

13.1 ʼn Sertifikaat onderteken deur ʼn Capfin-bestuurder (wat nie daardie aanstelling hoef te bewys nie) sal voldoende bewys wees van die uitstaande saldo ingevolge die lening en enige ander bepalings van die lening, tensy die teendeel bewys word.

**14. SESSIE**

14.1 Capfin behou die reg om enige tyd en sonder kennisgewing aan u enige of al sy regte oor u of eise teen u oor te dra aan ʼn derde party wat deur Capfin gekies word. Met die aanvaarding van hierdie ooreenkoms stem u hiermee onherroeplik en onvoorwaardelik tot sodanige oordrag in.

**15. HELE OOREENKOMS**

15.1 Die bepalings van hierdie ooreenkoms is die volle en volledige bepalings van die ooreenkoms tussen u en Capfin en daar is geen bykomende onuitgesproke of geïmpliseerde bepalings en voorwaardes nie, tensy gewysig volgens ooreenkoms ingevolge klousule 1.3 hierbo.

**16. TOESTEMMING OOR PERSOONLIKE INLIGTING**

16.1 U stem in dat u persoonlike inligting verwerk word soos dit in die Pepkor-groep van maatskappye se eksterne privaatheidsverklaring uiteengesit word. Toegang daartoe kan by www.pepkor.co.za verkry word.

**17. KREDIETNAVRAAG EN -RAPPORTERING**

17.1 U stem in dat Capfin ʼn kredietnavraag oor u by enige kredietburo, kredietverskaffer of derde party kan doen en u besonderhede by hulle kan bevestig, en u persoonlike inligting, waaronder u leningsaansoek, hierdie ooreenkoms, die beëindiging daarvan en nienakoming van hierdie bepalings en voorwaardes met die volgende kan deel:

17.1.1 kredietrisikobestuursdienste (waaronder kredietburo's wat deur die NKR goedgekeur is om inligting oor verbruikers se betalingsprofiel te huisves en moontlik kredietellings van verbruikers oor kredietwaardigheid te verskaf); en/of

17.1.2 Misdaadvoorkomingsagentskappe.

17.2 Die kontakbesonderhede van die verskillende kredietburo's kan by ons kliëntedienssentrum verkry word deur hulle te kontak soos dit in klousule 12 beskryf word. U het die reg om kredietburo's te kontak en na u rekord by hulle te kyk om enige verkeerde inligting reg te stel.

**18. U REGTE**

18.1 Ingevolge die NKW het u die reg om die volgende te doen:

18.1.1 ʼn kredietburo te kontak;

18.1.2 u kredietrekord te sien;

18.1.3 onakkurate inligting reg te stel wat by ʼn kredietburo gelys word;

18.1.4 ʼn klagte op te los met behulp van alternatiewe dispuutoplossing, ʼn klagte by die NKR in te dien of ʼn aansoek aan die Nasionale Verbruikerstribunaal ("die Tribunaal") te rig;

18.1.5by ʼn skuldberader aansoek te doen om ingevolge die NKW oorverskuldig verklaar te word en om u skuldverpligtinge geherskeduleer te kry.

18.2 As u ʼn klagte wil indien, kan u Capfin kontak by 087 354 0000, of ʼn e-pos stuur na info@capfin.co.za. As u nie tevrede is met die uitkoms van u dispuut of klagte nie, kan u die kwessie na ʼn dispuutoplossingsagent, die kredietombudsman, die Nasionale Kredietreguleerder of die Nasionale Verbruikerstribunaal by die kontakbesonderhede op die onderstaande lys stuur:

**Kredietombudsman**
T: 0861 66 2837
E-pos: ombud@creditombud.org.za
Webwerf: www.creditombud.org.za

**Nasionale Kredietreguleerder**
T: 0860 627 627 / 011 554 2700
E-pos: complaints@ncr.org.za
Webwerf: www.ncr.org.za

**Nasionale Verbruikerstribunaal**
T: 010 590 5200
E-pos: Registry@thenct.org.za
Webwerf www.thenct.org.za

capfin